

21 April

**Skrifgedeelte: Lukas 18:18-30**  
**Fokusgedeelte: Lukas 18:23 (NAV)**

### **Ryk, maar eintlik arm**

Die jongman van Lukas 18 ... Die ryk, voorspoedige mens ... Die mens met al sy besittings, maar die mens met die een en enkele lewensvraag! Die menskind wat ongeag weelde oor een ding wonder. Hy wil weet wat moet 'n mens doen om die ewige lewe te verkry. En Jesus se antwoord op die vraag ontstel die jongman. Dit pas hom nie, soveel so dat hy dikmond omgedraai en weggestap het. As Jesus se woorde én antwoorde 'n mens omkrap ... As Jesus iets sê waarvan jy nie hou nie!

*“Goeie Leermeester, wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?”* Alhoewel suksesvol in hierdie lewe is dié jongman tog onrustig. Hy het baie van alles, maar tog min rustigheid. En daarom vra hy die “Goeie Leermeester”, die Een wat behoort te weet. Die ryk jongman – 'n soekende menskind, op soek na:

- die ewige lewe;
- die lewe wat vir altyd is;
- die lewe ryk aan inhoud en doel en sin en weelde;
- die lewe sonder 'n aardse beursie en aardse goed.

En Jesus se antwoord oor die Godsgebooie beïndruk nie. Hy onderhou die gebooie. Die naasteliefdelessie staan die rykman nie aan nie. Hy wil meer doen. Hy wil seker maak. Die ewige lewe moet in sy besit wees. Dit is dan dat Jesus sê: *“Een ding kom jy nog kort: gaan verkoop alles wat jy het, en deel die geld aan die armes uit. Dan sal jy 'n skat in die hemel hê. Kom dan terug en volg My”* (Luk. 18:22).

Hierdie opdrag was een te veel. Hy wou dit wat hom veilig laat voel en in lewensbeheer plaas, nie prysgee nie. Om met leë hande te staan, het hom nie aangestaan nie. Dan liewer met alles in die tyd sonder die ewigheid se lewe. Die jongman vererg hom in plaas daarvan om sy lewe te werp in die hande van die ontfermende God, die Gewer van die ewige lewe. Ryk, maar eintlik arm. Al te dikwels menskinders se probleem ...

Krap die Lukas 18-antwoord van Jesus jóú dalk ook om? Dink mooi. Jou lewe, ryk in God se genade en beloftes, is ter sprake. Die ewige lewe ... koninkryk en heerlijkheid en ewigheid! Die lewe in volle rykdom en ewigheidsweelde. Is jy bereid om Jesus se antwoord te omvorm in werkwoorde en die ewige lewe te verkry?

*Sing: Psalm 40:4 (1936)*

*Dr. PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)*